

Leesspoedteks vir leerder

Graad 5

Trilpopuliere

Trilpopuliere is baie ongewone bome. Hulle ongelooflikste kenmerk kan nie gesien word nie, omdat dit ondergronds is. Die trilpopulier is die boom wat die meeste in Amerika en Kanada voorkom.

Die meeste bome moet saad versprei. Die saad word deur die wind of diere versprei. Hulle land in 'n ander omgewing. Dit is hoe bome begin groei.

Alhoewel trilpopuliere saad het, ontstaan die meeste jong boompies op 'n ander manier. Trilpopuliere kan voortplant deur hulle wortels, wat lote onder die grond uitspruit. Hierdie lote groei opwaarts deur die grond en word dan nuwe bome. Daarom, in 'n woud van trilpopuliere, is al die bome onder die grond verbind. Dit word 'n wortelstelsel genoem. Die groep trilpopuliere wat so verbind is, word 'n kolonie genoem. Trilpopulierkolonies is die grootste, lewende organismes in die wêreld. Trilpopulierkolonies kan duisende jare oorleef. Elke boom gaan na ongeveer 150 jaar dood. Nuwe bome spruit voortdurend vanuit die wortelstelsel.

In die herfs verander trilpopulierblare in 'n helder goudkleur. Elke winter verloor die boom sy blare. Dit beteken die bome is bladwisselend. Die bas van die trilpopulier kan fotosinteer. Fotosintese is die proses wanneer sonlig in energie vir die plant omgesit word. Die meeste bome gebruik hulle groen blare, wat met die chemikalieë chlorofil gevul is, vir hierdie proses. Omdat trilpopuliere hulle bas gebruik, kan hulle selfs in die winter nadat hulle blare verloor het, aanhou groei. In baie trilpopuliere kan 'n mens 'n groen tint op hulle bas sien. Dit veroorsaak dat fotosintese kan voortgaan.

Die trilpopulier kan uitgeken word aan sy hoë, slanke vorm. Hulle bas is glad, met 'n grys of wit kleur. Hulle blare is rond en vet, met 'n punt aan die bokant. Trilpopulierkolonies groei gewoonlik in plekke waar die ander bome naaldbome of dennebome is. Omdat die trilpopuliere hoër is as die dennebome, kry hulle meer toegang tot sonlig. Te veel skadu sal die bome laat doodgaan.

Jy kan trilpopuliere ook hoor wanneer jy naby aan hulle is. Omdat hulle blare so dik en hoog op is, maak hulle 'n ratelgeluid wanneer die wind deur hulle waai. Hierdie geluid word dikwels "siddering" (*trilling*) genoem. Baie diere is afhanklik van trilpopuliere vir skuiling of kos. Skoenlappers lê dikwels eiers in die bas. Hase eet die blare, terwyl diere soos die Amerikaanse eland die bas met hulle tande afskeur.

Kontroleteks Graad 5

Trilpopuliere

Trilpopuliere is baie ongewone bome. Hulle ongelooflikste kenmerk kan nie gesien word nie, omdat dit ondergronds is. Die trilpopulier is die boom wat die meeste in Amerika en Kanada voorkom. - **30**

Die meeste bome moet saad versprei. Die saad word deur die wind of diere versprei. Hulle land in 'n ander omgewing. Dit is hoe bome begin groei. - **59**

Alhoewel trilpopuliere saad het, ontstaan die meeste jong boompies op 'n ander manier. Trilpopuliere kan voortplant deur hulle wortels, wat lote onder die grond uitspruit. Hierdie lote groei opwaarts deur die grond en word dan nuwe bome. Daarom, in 'n woud van trilpopuliere, is al die bome onder die grond verbind. Dit word 'n wortelstelsel genoem. Die groep trilpopuliere wat so verbind is, word 'n kolonie genoem. Trilpopulierkolonies is die grootste, lewende organismes in die wêreld. Trilpopulierkolonies kan duisende jare oorleef. Elke boom gaan na ongeveer 150 jaar dood. - **150**
Nuwe bome spruit voortdurend vanuit die wortelstelsel. - **159**

In die herfs verander trilpopulierblare in 'n helder goudkleur. Elke winter verloor die boom sy blare. Dit beteken die bome is bladwisselend. Die bas van die trilpopulier kan fotosinteer. Fotosintese is die proses wanneer sonlig in energie vir die plant omgesit word. Die meeste bome gebruik hulle groen blare, wat met die chemikalieë chlorofil gevul is, vir hierdie proses. Omdat trilpopuliere hulle bas gebruik, kan hulle selfs in die winter nadat hulle blare verloor het, aanhou groei. In baie trilpopuliere kan 'n mens 'n groen tint op hulle bas sien. Dit veroorsaak dat fotosintese kan voortgaan. - **258**

Die trilpopulier kan uitgeken word aan sy hoë, slanke vorm. Hulle bas is glad, met 'n grys of wit kleur. Hulle blare is rond en vet, met 'n punt aan die bokant. Trilpopulierkolonies groei gewoonlik in plekke waar die ander bome naaldbome of dennebome is. Omdat die trilpopuliere hoër is as die dennebome, kry hulle meer toegang tot sonlig. Te veel skadu sal die bome laat doodgaan. - **327**

Jy kan trilpopuliere ook hoor wanneer jy naby aan hulle is. Omdat hulle blare so dik en hoog op is, maak hulle 'n ratelgeluid wanneer die wind deur hulle waai. Hierdie geluid word dikwels "siddering" (*trilling*) genoem. Baie diere is afhanklik van trilpopuliere vir skuiling of kos. Skoenlappers lê dikwels eiers in die bas. Hase eet die blare, terwyl diere soos die Amerikaanse eland die bas met hulle tande afskeur. - **399**

(Aangepas/vertaal van: © 2021 Scholar Within, Inc. ScholarWithin.com)

Vrywaring: Let asb daarop dat hierdie teks direk uit Engels vertaal is, en dus woordeskat kan bevat wat in Afrikaans as makliker of moeiliker beskou word vir die aangeduide ouderdomsgroep. Pas asb die berekening van die WPM dienooreenkomstig aan, deur byvoorbeeld woorde wat te moeilik is, a.g.v. die vertaling, nie as deurslaggewend te gebruik vir die WPM nie.